



# BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

NOVEMBER 2014 Nr 55

## IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

### 'n Kerk sonder dominees?

Paul J Pastor van die *Leadership Journal*, het onlangs 'n artikel oor "Grassroots Pastors" geskryf. Dit het my 'n rukkie geneem om agter te kom waaroor hy nou eintlik skryf. Hy begin by die metafoer van skape oppas wat natuurlik dadelik my aandag trek. Hy vervolg deur te wys op die feit oor hoe naby skaapherders, 'n fenomeen regoor die wêreld, steeds vandag naby die skape leef.

Hierdie herders ken die skape en sorg vir hulle daar in die veld en op die gras, sonder om eintlik daarvoor te dink, hulle te analiseer of baie te eksperimenteer. Hy bring dan die analogie na mense wat in hulle huise, werkplek en onmiddellike omgewing soos hierdie herders, saam met hulle kudde 'n pad stap. By ons sou hulle lekepredikers, deelydse predikante, of tentmakers genoem word. Hy is oortuig dat dit die goue draad van die gemeentes se bediening begin vorm.

Hierdie mense wat bloot op 'n natuurlik onopgesmukke manier hulle medegelowiges dien en met die Woord bedien. Manne en vroue vir wie dit tweede natuur is om hulle geloof uit te leef, waar hulle ookal is. Vandaar die "grassroots" gedagte. Ons lees al hoe meer dat die gestalte van die Liggaam van Christus soos in ons kerkwees vergestalt is, besig is om uitgedien te raak. Daar is onlangs 'n studie gepubliseer wat wys op 'n verminderde frekwensie in kerkbywoning, wat uit die aard van die saak erediensbywoningsyfers, beïnvloed. Die rede bloot, dat dit nie meer bevredig om elke Sondag in die erediens te sit nie. 'n Ander, ongekwalifiseerde behoefte bestaan om in daardie uur, iets anders te doen... kom daar dus 'n skuif ná medegelowiges wat mekaar goed ken, vertrou en saam die pad stap, se onderlinge bediening aan mekaar.

Wat gaan die rol van 'n professionele voltydse dominee in die toekoms wees? Daar is internasionaal byvoorbeeld nie 'n reuse afname in teologiese studente nie, maar al hoe minder van hulle berei hulself vir 'n voltydse bediening voor.

Uit alles is die waarde van Pastor se opmerkings, dat die liggaam van Christus nie sal ophou bestaan nie, maar dalk in gestaltes wat ons nie verwag het nie, sal voorkom. Verseker is daar aanpassings wat voorlê. Die uitdaging is om die waarde van 'n "grassroots"-bediening te verwelkom en te vier. Maar sal ons?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...  
Gerhard Botha



## VBO-VOETPAD

### Israel en Kaïro-Opleidingstoer-Leierskapsretraite *Slegs vir leraars en gades*

**Vertrek:** Sondag 11 Januarie 2015

**Toerleiers:** Dr Jannie en Wilma Le Roux

Daar is egter beperkte plek, kontak asseblief dadelik vir Jannie by 072 127 5043, of [jgleroux@isales.co.za](mailto:jgleroux@isales.co.za)

**VBO-punte:** 30

### 2 – 3 FEBRUARIE 2015:

#### **Teologiese dag en gesprek met Fakulteit**

**Tema:** *Die predikant in die wêreld en die wêreld van die predikant*

**Plek:** UV-Kampus

**VBO-punte:** 20

**Registrasie:** SMS D54675, u naam na 31029

### 9 – 11 FEBRUARIE 2015:

#### **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing:**

#### **Groep 2 - Module 1**

*Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan*

**Aanbieders:** Rian Venter & Gerhard Botha

**Plek:** Parys

**VBO-punte:** 20

### 20 – 22 APRIL 2015

#### **Groep 2 - Module 2**

*Gemeentes? – Waar is ons? Waar sou ons kon wees?*

**Aanbieders:** Kobus Schoeman en Gerhard Botha

**Plek:** Parys

**VBO-punte:** 20

### 19 – 21 OKTOBER 2015

#### **Groep 2 - Module 3**

*God? Dit gaan oor God! – Maar nie sommer enige God nie...*

**Aanbieder:** Rian Venter

**Plek:** Parys

**VBO-Punte:** 20

**Inskrywings nou oop vir die 2de groep om deel van hierdie opwindende kursus te wees.**

**LW: Hierdie modules word te Parys, VS aangebied.**

**Voorlopige registrasie:** SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:  
*Shepherd Centre UFS*

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.